



Die stappers verlede Donderdag toe hulle in Kaap Agulhas aankom. Van links is Michelle van Biljon, Marlien Cronjé, Rikaltze Vosloo, Michelle Roosenschoon, Marleen van der Walt en Rina Prinsloo. Foto: BEN SMIT

Ses langasem-vroue stap meer as 1 500 km vir behoeftige kinders

Jackie Kruger

Ses langasem-vroue het 'n staptog van meer as 1 500 km aangepak om geld in te samel vir behoeftige kinders in Pretoria.

Die vroue het op 27 Januarie in die Vaaldriehoek in Vereeniging weggespring en gestap tot in Kaap Agulhas in die Cape2Care-staptog om geld in te samel vir die organisasie Dynamic Women for Children.

Dié organisasie stien om na 50 kinders in die gebied van die Roo-deplaatdam, Kameeldrift-Oos en Kameelfontein in Pretoria.

Dit was die derde jaar dat die staptog gehou is.

Vanjaar se roete het die stappers geneem na dorpe in die Noord-Kaap soos Kimberley en Koffiefontein tot in Beaufort-Wes in die Sentraal Karoo, voordat hulle op 16 Februarie in Kaap Agulhas geëindig het, sê Michelle van Biljon, maatskaplike werker van die organisasie wat ook vanjaar saam gestap het.

Al ses die vroue is betrokke by die organisasie, en het daaglik tussen 40 km en meer as 100 km gestap.

Die ander stappers was Rina Prinsloo, Marleen van der Walt, Michelle Roosenschoon, Rikaltze Vosloo en Marlien Cronjé.

Dynamic Women for Children verskaf onder meer daaglik maaltye, hulp met huiswerk en onderrig, asook ander basiese daaglikse behoeftes aan die kinders.

Hulle staan ook twee studente by.

Van Biljon sê hulle het tot dusver R108 000 met die jongste staptog ingesamel.

Verlede jaar is R300 000 ingesamel en in 2022 R400 000.

Mense kan steeds geld skenk vir elke kilometer wat die stappers afgelê het. Hulle het uiteindelik 1 545 km ver gestap.

“Hoewel ons gehoop het op bate meer geld, is ons steeds dankbaar vir dit wat ons ingesamel het,” sê Van Biljon.

Sy sê die moeilikste deel van die staptog was toe die kwik twee dae lank by 45 °C gedraai het.

“Die teer was verskriklik warm en jou tekkies smelt dan half van die onderkant af. Die hitte was erg, maar gelukkig was dit darem net die twee dae wat so uitermatig warm was.”

Sy sê die hoogtepunt was om elke oggend op te staan met die wete dat jy stap om 'n beter toekoms vir 'n kind te verseker.

“In die kletner dorptes het ons ook mense byeengebring en ek glo ons het vir hulle hoop gegee. Dis was definitief ook 'n hoogtepunt vir ons.”

Die ystervroue is verlede Donderdag deur 'n spesiale afvaardiging in Kaap Agulhas verwelkom.

Die burgemeester, Paul Swart, het onder meer medaljes aan hulle oorhandig en Pierre Massyn, 'n sakeman en bekende in bewaringskringe in Kaap Agulhas, het 'n skenking aan die organisasie gemaak.